

KOERSVAS

Jaargang 5 Uitgawe 109 21 April 2017

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



REDAKSIONEEL

In die Asterix-reeks is daar 'n uitgawe wat vertel van Asterix en die geheime wapen. By geleentheid word heel komies gewys hoe 'n groep vroulike soldate van uitverkoping na uitverkoping storm, hulle opdrag om die vyand se dorp in te neem, totaal vergete. Dit het 'n satiriese eweknie in die werklikheid van 'n Christelike gemeenskap wat storm van een kettery na die ander om hulle Heer uit te verkoop.



'n Magies veranderde RSA is nie noodwendig 'n winskopie op eerste oogopslag nie, maar is seker een Saterdag se reis en ongemak werd! "Wat is fout met die mense wat nie na

Bloemfontein opruk nie? Is hulle skaam om in die openbaar te bid? Oom Angus het die opdrag direk van die Here Homself gekry, dit is tyd en ons moet een miljoen mense wees!" Die ongekende skare mense wat agter die aartappelboer aanstroom moet maar kennis neem dat ek respekvol my afwesigheid aanteken. Ek kan nie met 'n goeie gewete deelneem aan 'n byeenkoms van die aard nie. 'n Byeenkoms waar iemand wat in die Here se naam by wyse van kettery 'n gebedsgeleentheid aankondig. Ons glo dat die Bybel God se Openbaring is, ten volle gegee in Christus. Om te praat van nuwe openbarings is kettery. Hoe durf ek dit so noem? Arius wou 'n ander Bybel (openbaring) propageer. Hy wou die goddelikheid van Jesus misken en hy was 'n ketter. Angus Buchan propageer nuwe voorspoed en openbarings aangelas by die Bybel, "die Here het vir my gesê". Dit is tipies van die teologie van die NAR. So terloops, die Mormone en die Moslems is die gevolg van iemand wat gesê het dat die Here self aan hulle openbarings gegee het. God praat nie anders met ons as deur die Bybel nie. Sy Gees lei ons daarin om dit te lees en die boodskap te glo.

Wat is die NAR? Die sogenaamde Nuwe Apostoliese Reformasie is die dampkring van die charismate. Voorstanders van die NAR

sien dit as 'n legitieme huis van die Christendom naas die Roomse kerk, Reformatoriese kerke en die Ortodokse kerk. Om te beweer dat Angus Buchan deel van hierdie kettery is, kan ons sy bedienings gaan meet aan die hoofmomente van NAR se oortuigings, naamlik:

* Apostoliese regering. Lede van NAR is oortuig dat God vandag nog apostels soortgelyk aan Petrus aanstel om die kerk te lei.

* Profete. Die profete het vandag nog 'n funksie om te vervul in die kerk.

* Oorheersingsteologie (Dominialisme). Die premisse is dat Jesus met Sy koms die koninkryk van die Hemel gevestig het en van gelowiges word verwag om alle aksies te neem wat nodig is om die lank-bestaande koninkryk van Satan terug te druk en vrede en geregtigheid hier te vestig.

* Teokrasie. Die ideaal is om "koninkryk gerigte denkers" in alle dele van die samelewing te hê. Daar moet spesifiek gekyk word na godsdiens, die familie, onderwys, besigheid (ekonomie), regering, media, die kunste en vermaak. Hierdie koninkryk moet hier en nou deurgedruk word.

* Buite-Bybelse openbaring. Alle gelowiges het die vermoë om direk God se stem te hoor. Die openbarings sal nooit die Bybel weerspreek nie, maar kan dit aanvul.

* Wondertekens en wonderwerke. Genesing, wondertekens en dade, bevryding van demone en profesieë wat bevestig word, is almal deel van hierdie beweging se denke.

* Relasionele strukture. Daar is geen formele struktuur nie, daar is net relasionele verbintenisse en dit deur kontak met die apostels.¹

Dit plaas *Shalom ministries* midde in hierdie beweging. Dit is duidelik uit Buchan se taalpatrone dat hy homself sien as apostel of profeet in alles wat hy doen. Dit is volgens "Faith like potatoes" sy gebed wat 'n vrou weer laat lewe. Hy bid en stommes praat weer². Hy beweer dat hy wondergenesings doen tydens dienste. Alles wat gebeur in ons land is volgens hom hierdie stryd tussen goed en kwaad³ met ons as gelowiges wat die opdrag het om te veg vir die oorwinning hier en nou. Sy "Mighty men" beweging streef daarna om manne toe te rus. Vry vertaal stel hy: "*Buiten dat mans die man in die huis moet wees, moet hulle daarna strewe om Goddelike voorbeelde te wees by die werk. Waar dit ookal mag wees, op die sportveld, in die fabriek of op die plaas, kollege of universiteit moet manne van voor*

² Written by Angus Buchan on January 31, 2017. Posted in From Angus' Desk Yesterday morning, at Moreleta Park NG Church in Pretoria, we preached to a crowd of approximately eight thousand and saw an unprecedented harvest of souls. Literally hundreds of people came forward to give their lives to Jesus Christ, and publicly confessed Him as Lord of their lives! There was much weeping, repentance, and healing that took place as we felt the presence of Jesus moving up and down the aisles, touching the multitude in their very seats! 2017 is going to be a year of multitudes coming into God's Kingdom. It is harvest time! For very rarely, in the almost forty years that I have been preaching, have I seen a harvest of first-time commitments like we have seen in this first month of the year. To see little children unashamedly coming to Jesus made me cry. A beautiful little boy was brought to the front by his granny, who said he was dumb. We prayed for him and Jesus loosened his tongue. He started to say, 'Jesus. Jesus. Jesus.' All those standing around him began to weep with joy because God had healed him.

³ " I can honestly say that for me, preaching the Gospel is very similar. When we get on the platform in an hour's time, after the praise and worship team has led us into the presence of Almighty God after the shofars have been blown and cleared all the surrounding area of any spiritual darkness and the crowd are waiting to hear the Word of God the battle begins"

1

www.en.wikipedia.org/wiki/New_Apostolic_Reformatio_n

lei deur die voorbeeld wat hulle stel".⁴ Hoe lofwaardig ookal die ideaal, Buchan verstaan dit as 'n koninkryk hier en nou. Daar is genoeg voorbeelde van Buchan wat beweer dat die Here direk met hom praat. Sy nuutste groot onderneming staan onder die vaandel van Jakobus 5:16 *"Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag"*. God praat direk met hom en hy en die Bybel vul mekaar aan. Die ko-operatiewe aard van sy aanslag is duidelik uit sy visie.⁵

Angus Buchan is oortuig dat die tyd ryp is, ryp vir die oes (hy vertel self van 650 mense en meer as 1000 mense wat tot bekering kom in gemeentes waar gelowiges byeen is). Die tyd is ook ryp vir 'n gebed waar meer as een miljoen mense saam God se arm draai en alles in die RSA wonderbaarlik verander. Dit is nie eens nodig vir kriminele en ander mense om 'n verandering van hart te ervaar nie, solank almal daar met oorgawe bid, gaan alles na bewering verander.

Teen die agtergrond is dit tog duidelik dat ons nie aan so 'n persoon ondersteuning kan gee nie. Diegene wat verknog is aan die charismatiese ideologie sal hom ondersteun en my verguis. Dit verstom net dat soveel Protestante na hierdie onverteerbare strooihalms gryp. Die ope uitnodiging wat op plekke selfs mense van ander gelowe saamnooi⁶, verloën Christus totaal. Die Evangelie maak dit onmoontlik vir 'n Christen om saam met Mohammedaan en Moor te

⁴ http://www.mightymenconference.co.za/?page_id=8

⁵ Our vision: The Great Commission – Mark 16:15 Caring for Orphans and Widows – James 1:27 Equipping Saints for the work of Ministry – Matthew 28:20 Everything undertaken at Shalom embraces this vision. Shalom is also home to a community of families and believers who live and work as a team at Shalom.

⁶ News24 26 Maart 2017

bid. Ons moet bid, ja. Meer as miljoen mense (van alle gelowe) net buite Bloemfontein, ek dink nie so nie.

Wat staan ons te doen? God praat met ons deur Sy Woord. Ons moet daarom na daardie geleentheid waar God met ons praat. Anders gestel, ons moet Woord-sentriese gemeentes skep en wees wat na God se Woord luister en dit uitleef. Ons moet as gemeentes die suurdeeg wees wat die samelewing verander. Geloof is nie 'n lukraak een maal 'n skrikkeljaar pelgrimstog na Bloemfontein of 'n samekoms op 'n ander plek saam met magtige manne nie. Soos Josua moet ons en ons huis die Here dien. Kom ons bid vir vrede, kom ons bid vir 'n kentering in die harte van die misdadigers, egbrekers, moordenaars, diewe ongehoorsame mense, ja ons elkeen. Kom ons doen dit elke Sondag in die erediens. Kom ons doen dit soos ons dit buitendien doen.

Diegene wat nog uitgebreide kommentaar wil lees kan gerus 'n kuberdraai maak by Solus Christus.⁷

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

REFORMASIE

Oktober hierdie jaar vier ons die 500ste bestaansjaar van die Protestantisme. Daar sal baie vieringe rondom die gebeurtenis wees en Koersvas nooi gemeenskappe uit om hulle vierings se gegewens vroegtydig deur te stuur.

GEMEENTENUUS

RUSTENBURG DAMESTEE

Kom geniet saam met ons 'n Dames Oggendtee met gaskunstenaars Henry van

⁷ <http://jacodebeer.blogspot.co.za/>
<http://jacodebeer.blogspot.co.za/search?q=Buchan>

Dyk en Estie Pienaar. Kom en geniet haar raakvat sêgoed vir vrou-wees.

Saterdag **13 Mei 2017**, Hervormde Kerk Rustenburg, 9:30 vm. vir 10:00 vm, Koste beloop R150.

Indien enige belangstelling, kontak Mari 084 208 7445 of Lucia 083 265 3341

BYBELVASVRAE

Ds van Rooyen laat weet: Geagte Leraar, ouderlinge, diakens en lidmate.

Ek wil u langs hierdie weg graag die inligting deurgee aangaande die Bybelvasvra 2017. U moet my asb. teen 29 Mei 2017 in kennis stel van die hoeveelheid spanne in u gemeentes wat gaan deelneem. Stuur asb. vir my 'n e-pos met u gemeente naam, streek en hoeveelheid spanne in elke kategorie na davr@vodamail.co.za.

Ek sluit die inligting hierby in.

1. Kategorieë:

- Laerskool
Graad 1 tot 7
- Hoërskool
Graad 8 tot 11
- Ander: Matrieks en alle ander lidmate tot 120 jaar oud.

2. Spanne:

- 'n Span bestaan uit 2 tot 6 deelnemers per span
- Span moet 'n spannaam hê en elke spanlid se naam en van en ouderdom moet op die vraestel aangedui word.

3. Datums

Gemeente vasvra: **30 Julie. 2017**

Streekvasvra: **13 Augustus. 2017**

Finaal: **27 Augustus. 2017**

4. Bestek:

- Laerskool:
 - o 1 Timoteus
- Hoërskool en Ope afdeling:
 - o 1 en 2 Timoteus

o HK Sondag 31 tot 44 (Vraag en Antwoord 83 tot 115)

5. Vraestelle:

Vraestelle in al die onderskeie rondtes moet die volgende afdelings insluit:

A. Laerskool

- Meervoudige keuse (10 punte)
- Waar of vals (10 punte)
- Vul die ontbrekende woorde in (10 punte)

• Blokkiesraaisel (10 punte)

• Kort 1 punt antwoorde (10 punte)

B. Hoërskool en Ope afdeling:

- Meervoudige keuse (15 punte)
- Waar of vals (15 punte)
- Vul die ontbrekende woorde in (20 punte)

• Blokkiesraaisel (15 punte)

• Kort 1 punt antwoorde (15 punte)

• Vrae wat 2 of meer punte tel. (20 punte)

• LET WEL, DAT GEMEENTE RONDTE SE VRAESTELLE DEUR DIE GEMEENTE SELF OPGESTEL WORD. VERDERE REËLINGS RONDOM STREEKSVASVRA EN FINALE RONDTE SAL NOG DEURGEGEE WORD
Met Dank

MAKWASBYEENKOMS 2017

Makwasbyeenkoms vir emeriti en enige ander belangstellende GHG-predikante te Premiemyn DV 9 Junie 2017. Maak die datum nou al vas.

Predikante en hul gades is ook welkom. Tydens die geleentheid sal die boekbekendstelling van "Ek en ons glo" plaasvind. Ons sal graag alle leraars ontvang.

VERSKEIE BERIGTE

Ons verneem via Koers 160:

1. Ds. Johan Parkin van Ottosdal berig dat broeder. Waldus Steyn op 83-jarige ouderdom as ouderling bevestig is.

2. Ottosdalgemeente het op 26 Maart 2016 hul tweede verjaardag gevier.

3. Dr. JH Breytenbach wat pas sy doktrale studie in Duitsland voltooi het, het aansoek gedoen vir akkreditasie as predikant van die Hervormde Kerk. As lidmaat skakel hy in by die gemeente Meyerspark. Die redaksie wil hom ook hiermee hartlik in ons midde verwelkom. Dr. Breytenbach sal na akkreditasie beroepbaar wees binne die Bondsgemeentes.

4. Dit gaan sommer heelwat beter met ds. Lou Swanepoel. Alhoewel die liggaam nog swak is, is sy gemoed opgewek en is hy baie positief.

KOMMENTAAR BESKIKBAAR

Die kern van die geloof wat ons bely, is reeds meer as 20 eeue oud. Tog stem ons en die eerste Christene saam. Dit wat ons glo, is dit wat aan hulle toevertrou is en wat hulle geglo het. Hoe werk dit? "EK EN ONS GLO" is die boek wat ons help om ons eie belydenis te verstaan. Ons word ook by die werk en elders getoets oor ons geloof. Hierdie boek sal ons help om met oortuiging die waarheid aan almal rondom ons te verduidelik. Geskryf in verstaanbare Afrikaans, is hierdie boek 'n baie handige instrument in ons wapenrusting van die geloof.

Die kommentaar van die Apostolicum is beskikbaar @R140 per eksemplaar. Eerste 30 boeke R120. jotto1@absamail.co.za.

082 767 7891 "EK EN ONS GLO:

Sien foto 1 onderaan Koersvas

OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of e-pos haar by auri@mweb.co.za.

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Yvette Otto by 072 223 7522 vir meer besonderhede.

DANKBUNDEL

Lidmate wat belangstel in prof HG van der Westhuizen se dankbundel moet met ds Jaap Steenkamp skakel.

GELOOFSBONDKWILT 2 (2017)

Die GHG dames se fondsinsameling is ten bate van ons teologiese studente. Lootjies is beskikbaar by u eie gemeente. (sien foto onder)

Elke gemeente word versoek om 3 of meer lyste se kaartjies te verkoop. Lootjies word tydens die GHG-byeenkoms getrek.

Hoe vorder u gemeente se lootjieverkope?

Het u al lootjies geneem?

Geloofsbond Kwilt 2017/2018

Hierdie keer gaan ons 2 enkelbed kwilte maak- Een vir 'n seuntjie en een vir 'n dogtertjie. Ons vra weer blokke van die gemeentes wat ons dan aanmekaar sal sit en die kwilt voltooi.

Vir 'n blok vra ons die volgende: Sny 'n blok 27 cm x 27 cm uit 'n bont katoen materiaal in skakerings van pienk vir die dogtertjie en blou vir die seuntjies. Kies blommetjies, kolle,

strepe of sterretjies materiaal wat vir jou mooi is. So julle maak pienk of/ en blou blokke. Vir die mense in Pretoria, of as jy daar kan kom, Metro-Home Centre het die mooiste katoen materiaal. Dan vat jy die blok en sit iets daarop – 'n ontwerp soos bv. 'n hartjie, blommetjie, skoelapper ens. wat jy kan kwilt, appliek, borduur met die hand of masjien. Of jy stik net mooi kant of lint daarop of versier dit met siersteke van jou masjien. Enige iets wat vir jou mooi is. Baie belangrik: Moet asb. nie die blokke stryk nie. Ons sal dit doen wanneer dit aanmekaar gesit word.

Wanneer die blokke klaar is moet dit aan Oostelike Pietersburg besorg word. Kan ons

asb. alle voltooide blokke teen einde Mei 2017 ontvang.

Baie dankie vir die entoesiasme en samewerking.

Susters Oostelike Pietersburg.

Vir enige navrae kontak Ansie Steyn (083 630 1107)

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com

FOTO 1

